

SONDAG 30 Des 2001
NG KERK POTCHEFSTROOM-SUID
OGGENDDIENS

LITURGIE

<u>WIE</u>	<u>WAT</u>	<u>DETAIL</u>	<u>BORD/MUSIEK</u>
	Voorsang		
Liturg	Welkom & groet		
Liturg	Gebed		
Liturg	Oproep tot lof		
Hannes	Lof	LB201:1-3 "Lofsing die Heer" (G) Oorwin:1-3 "Ek sien in my gees" (A)	LB201:1-3 oorwin 1-3
Liturg	Oproep tot aanbidding (sittende)	(Susan Vlok) Verhaal : Pa/seun/vriend van seun het met 'n seilbootjie die see ingevaar - storm - golwe so hoog dat hulle die seilbootjie nie regop kon hou nie - bootjie sink - pa gryp reddingsgordel - moeilikste keuse van sy lewe - vir wie gooi hy dit: die seun of sy vriend - weet sy seun is gered en sy vriend nie - toe roep die pa klihard uit: Seun, ek is lief vir jou - en gooi die gordel vir sy seun se vriend - sekondes later het sy seun onder die water verdwyn - sy liggaam is nooit gekry nie. Klink dit bekend? God het Sy eie Seun nie gespaar nie, maar Hom gegee, sodat wat elkeen wat in Hom glo, die ewige lewe kan hê.	
	Musiek	"Ek gee jou My Woord" (R. Erasmus)	musiek1
Hannes	Aanbidding	L-3:1-2 "Lofferlied" (D) E-7:1-4 "Ek wil U sien Heer" (D) O-5:1-3 "Ons sien U Heer" (F)	lofaffe 1-2 ekwilu 1-4 onssien 1-3
Liturg	Gebed		
Liturg	Skriflesing	Fil 3	Skrif
Liturg	Preek	Nie terug nie maar vorentoe!	Skrif
	Musiek Toewyding	"Kwel jou nie meer" (Goue treffers) [Stilgebed]	musiek2
Liturg	Gebed		
Diakens	Offergawe	Afkondings op bord	afkondig
Hannes	Lied	SM23:1-3 "Is die toekoms blink of duister" (D/F) LB505:1-4 "Jesus U gaan voor" (G)	SM23:1-3 LB505:1-4
Liturg	Seën		
	Musiek	"Omdat Hy leef" (Jubilatum)	

Skriflesing: **3** Verder, my broers, wees bly in die Here! Om dieselfde dinge aan julle te skrywe, is vir my nie moeite nie, en vir julle gee dit sekerheid. ² Pas op vir daardie dwaalleraars; pas op vir daardie mense wat kwaad stig; pas op vir daardie betekenislose besnydenis! ³ Ons het die ware besnydenis, óns wat God deur sy Gees dien, óns wat ons op Christus Jesus beroem en nie op uiterlike dinge vertrou nie.

⁴ Tog sou ek ook op uiterlike dinge kon vertrou. As iemand meen dat hy op uiterlike dinge kan vertrou, ek nog meer: ⁵ ek is op die agste dag besny, van geboorte 'n Israeliet, uit die stam Benjamin, 'n egte Hebreër, in wetsopvatting was ek 'n Fariseër, ⁶ in my ywer 'n vervolger van die kerk, in onderhouding van die wet van Moses om vryspraak te kry, onberispelik. ⁷ Maar wat eers vir my 'n bate was, beskou ek nou as waardeloos ter wille van Christus, ⁸ ja, nog meer: ek beskou alles as waardeloos, want om Christus Jesus, my Here, te ken, oortref alles in waarde. Ter wille van Hom het ek alles prysgegee en beskou ek dit as verwerplik sodat ek Christus as enigste bate kan verkry

⁹ en een met Hom kan wees: vrygespreek, nie omdat ek die wet onderhou nie, maar omdat ek in Christus glo. Dit is die vryspraak wat God gee omdat 'n mens in Hom glo. ¹⁰ Al wat ek wens, is om Christus te ken, die krag van sy opstanding te ondervind en deel te hê aan sy lyding deur aan Hom gelyk te word in sy dood, ¹¹ in die verwagting dat ek self deel sal hê aan die opstanding uit die dood. ¹² Ek sê nie dat ek dit alles al het of die doel al bereik het nie, maar ek span my in om dit alles myne te maak omdat Christus Jesus my reeds Syne gemaak het. ¹³ Broers, ek verbeel my nie dat ek dit alles al het nie. Maar een ding doen ek: ek maak my los van wat agter is en strek my uit na wat voor is. ¹⁴ Ek span my in om by die wenstreek te kom, sodat ek die hemelse prys kan behaal waartoe God my geroep het in Christus Jesus.

¹⁵ Ons almal wat geestelik volwasse is, moet hierdie gesindheid hê. En as julle in enige opsig anders daarvoor dink—God sal ook hierin aan julle die regte insig gee. ¹⁶ In elk geval, laat ons koers hou op die pad waarmee ons tot hiertoe gekom het.

¹⁷ Wees my navolgers, broers, en let op die mense wat lewe volgens die voorbeeld wat ons vir julle stel. ¹⁸ Ek het dikwels vir julle gesê en tot my verdriet moet ek dit nou herhaal: Daar is baie wat as vyande van die kruis van Christus lewe. ¹⁹ Die verderf is hulle einde; die maag is hulle god; hulle skande is hulle trots; hulle is aardsgesind. ²⁰ Maar ons is burgers van die hemel, van waar af ons ook die Here Jesus Christus as Verlosser verwag. ²¹ Deur die krag waarmee Hy alles aan Homself onderwerp, sal Hy ons nederige liggame verander om soos sy verheerlikte liggaam te wees.

Eks 14:15 ¹⁵ Toe het die Here vir Moses gesê: “Waarom roep julle so benoud na My? Sê vir die Israeliete hulle moet verder trek.

Josua 1:2 ² “Moses my dienaar is dood. Maak jy nou gereed en trek deur die Jordaanrivier, jy en hierdie hele volk. Gaan na die land toe wat Ek aan hulle, die Israeliete, gee.

Ps 73:24 ²⁴ U lei my met u raad en aan die einde sal U my in ere by U opneem.

Spr 27:1 Moenie roem oor wat jy môre verwag nie; jy weet nie wat die dag sal oplewer nie.

Sef 1:14 ¹⁴ Die groot dag van die Here is naby, baie naby, dit kom gou.”

1 Kor 13:12 ¹² Nou kyk ons nog in 'n dowwe spieël en sien 'n raaiselagtige beeld, maar eendag sal ons alles sien soos dit werklik is. Nou ken ek net gedeeltelik, maar eendag sal ek ten volle ken soos God my ten volle ken. ¹³ En nou: geloof, hoop en liefde bly, hierdie drie. En die grootste hiervan is die liefde!

Hebr 11:1 Om te glo, is om seker te wees van die dinge wat ons hoop, om oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie.

PREEKSKETS

INLEIDING

Wat 'n wonderlike tyd van die jaar is dit nie!

- Soveel opwinding
- Kersvader
- Mooi musiek
- Familie-etes
- Kuier by vriende
- Vaknsiedae
- Meeste van alles: Jesus is gebore - en ons weet dit!

Maar tog is dit ook 'n baie depressiewe tyd van die jaar.

- Want na al die saamwees is daar skielik weer die alleenheid.
- Dis asof alles hierdie tyd van die jaar skielik weer leeg voel.
- In 'n mens se hart: Vrees vir die nuwe jaar wat kom.
- Vrees vir Januarie se finansies.
(broekskeur - maar dit gebeur nie met julle)
- Meeste van alles: Vrees om 2001 agter te laat en oor te gaan na 2002.

Om een of ander rede probeer 'n mens vashou aan 'n jaar wat verby is.

- Miskien omdat dit bekend is.
 - Al het dit nie goed gegaan nie - ten minste weet ons wat dit inhou.
- En ons is bang vir 2002 - want dis heeltemal onbekend.

MAAK LOS VAN DIT WAT AGTER IS

Paulus: beeld van atleet

Hy was nogal baie lief vir die beeld van 'n atleet.

- Ek het laas vir julle gesê dat Paulus baie aangegryp was deur die Olimpiese Spele van sy tyd.
- Hierdie ouens se commitment.
- Die passie waarmee hulle hardloop.

Ons sou dit ook kon gebruik met die oog op 'n nuwe jaar.

- Ek maak my los van dit wat agter my is.
- Ek strek my uit na dit wat voorlê.
- Ek raak ontslae van alles wat my hinder in hierdie wedloop.
 - Paulus sê: Laat ons al die laste van ons afgooi.

Dis nie genoeg om net die nuwe jaar in te gaan nie.

- 'n Mens moet eers klaarmaak met die oujaar.
- Op 'n manier moet 'n mens jou losmaak van die jaar wat verby is.
- 'n Mens moet dit afsluit.
- Jy moet die boek van 2001 toemaak voordat jy die nuwe boek van 2002 kan oopmaak.

Luk 9:62 ⁶² Toe sê Jesus: "Iemand wat die hand aan die ploeg slaan en aanhou omkyk na wat agter is, is nie geskik vir die koninkryk van God nie."

Hoekom is dit so belangrik?

- Barnes: 'n Christen sal geestelik vinniger vorder deur vorentoe te kyk in plaas van agter toe. Want as ons vorentoe kyk, sien ons alles wat ons opwek en aantrek: die kroon van oorwinning, die vreugde van die hemel, die skare gelowiges wat vir ons wag, en die Here Jesus wat vir ons staan en wag by die eindpunt. As ons terugkyk sien ons alles wat ons

mismoedig kan maak: Ons eie ontouheid en ongeloof, ons koudheid. Ons sien die moeilike pad tot hier en almal wat langs die pad uitgesak het. En daarom sal ons baie vinniger vorder deur vorentoe te kyk.

- Iemand: Looking back is sure to end in going back (Lu 9:62)

Beste voorbeeld in die Bybel is sekerlik die van Lot se vrou.

- Luk 17:32 Net so moet ook die man wat op die land is, nie omdraai huis toe nie. ³² Onthou wat met die vrou van Lot gebeur het!
- Ons almal ken die verhaal.
- Hulle moes uit Sodom en Gomorra uit vlug.
- Klaarmaak daarmee.
- Dit agterlaat.
- Nooit omkyk nie.
- 'n Nuwe lewe gaan begin.
- Lot se vrou het omgekyk.
- Sy het in 'n soutpilaar verander.
- Hoekom het sy aanhou omkyk?
- Vermoedelik omdat haar twee skoonseuns nog in die stad was.

En ons?

Wat maak dat ons aanhou omkyk?

Wat maak dat ons dikwels terugleef in die verlede.

- Amper vashaak in die vorige jaar?
- Myns insiens is daar 4 redes.

1. DIE SONDE WAT ONS IN 2001 GEDOEN HET

Miskien was 2001 vir jou 'n jaar waarin jy iets gedoen het waarvoor jy jouself moeilik kan vergewe.

- Dalk dinge gedoen wat ander mense baie seer gemaak het.
 - My vrou, kinders, ouers...
 - My kollegas...
 - Iets wat ek weet teen die wil van God is.

Joh 1:8 is ook waar aan die einde van 'n jaar wat verby is:

- "Almal het gesondig, en dit ontbreek hulle aan die koninkryk van God."
- Ons almal het reuse foute gemaak in 2001.
- Ons het dinge gedoen wat die Here God bitterlik seer gemaak het.

Die grootste fout wat ons kan maak is om ons sondes van 2001 saam te neem na 2002.

- Hebr 12:1 *Terwyl ons dan so 'n groot skare geloofsgetuies rondom ons het, laat ons elke las van ons afgooi, ook die sonde wat ons so maklik verstrik, en laat ons die wedloop wat vir ons voorlê, met volharding hardloop...*

'n Mens kan nie 'n nuwe jaar ingaan met laas jaar se bagasie nie.

- Paulus het lelike foute gemaak.
- Hy het veroorsaak dat baie mense vervolgd en gemartel is.
- En toe ontmoet Hy die Here op die pad na Damaskus.
- En daar gebeur iets wonderliks.
- Hy maak klaar met die dinge wat gebeur het.
- Hy maak klaar met laasjaar se foute.
- Hy maak daai boek toe.

- Hy sluit die hoofstuk af.
- En Hy gaan Jerusalem toe as 'n nuwe mens.
- Dawid moes dieselfde ontdekking maak.
- Hy kon vir die res van sy lewe homself blameer vir dit wat tussen hom en Batseba gebeur het.
- Of hy kon dit vir die Here gee.
- En daai hoofstuk afsluit.
- Gaan lees maar: In Ps 51 het hy daardie boek toegemaak.

Ons kan nie 2001 se skuld en sonde saamneem na 2002 nie.
 Dit sal ons moeg maak.
 Dit sal ons laat uitsak.
 Geen dit nou vir die Here.
 Aanvaar Sy vergifnis en Sy vryspraak.
 Lewe as 'n nuwe mens in 2002.

2. MISLUKKING

Miskien was 2001 vir jou 'n jaar van groot mislukkings.

- Besigheid gevou.
- Huwelik geknak.
- Groot fout gemaak in jou werk.
- Die vertroude wat mense in jou gestel het verloor.
- Jou kinders teleurgestel.
- Dalk: doodgewoon nie jou ideale bereik nie - misluk.

In 'n meerdere of mindere mate het ons almal hierdie jaar mislukkings beleef.

- Dinge wat ons wou doen, waarby ons nie uitgekom het nie.
- Drome wat nie waar geword het nie.
- Nuwejaarsvoornemens wat net nooi gebeur het nie.

'n Mens kan dit saamneem na 2001...

- en die jaar begin as iemand wat misluk het.

Of 'n mens kan hierdie mislukkings vir die Here gee.

- Adam & Eva
 - As daar iemand is wat misluk het was dit Adam en Eva.
 - Hulle het 'n gemors gemaak van die tuin.
 - Hulle bewerk-en-bewaak-besigheid het gruwelooslik gevou.
 - Hulle het almal teleurgestel: God, hulself en vir almal wat na hulle sou kom.
 - Hulle is uit die tuin uit gesit.
 - En toe?
 - Toe moes hulle maar weer begin.
 - Hierdie keer buite die tuin.
 - Wat was hulle opdrag.
 - Nogsteeds bewerk en bewaak die aarde.
 - Dit het nie opgehou toe hulle misluk het nie.
 - Op 'n punt in hulle lewe moes hulle vergeet van die mislukkings in die tuin - en voortgaan met hulle opdrag: Bewerk en bewaak.
- Petrus
 - Petrus het gruwelooslik misluk.
 - Hy het sy rug op Jesus gedraai.

- Hy het voor die hele wêreld gesê: Ek ken Hom nie.
- Hy sou nooit weer in die openbaar kon opstaan vir Jesus nie.
- Want almal het geweet wat hy gedoen het.
- Ja, hy het misluk as dissipel en apostel.

- Ja, hy kon op 'n houpie gaan sit het.
- Hy kon bedank het as dissipel en apostel.

- Maar hy het nie.
- Hy het sy mislukking vir die Here gegee.
- Daai aand nadat hy Jesus verloën het.
- En toe?
- Toe kon hy voluit vir die Here leef.

- Moenie 2002 ingaan met laasjaar se mislukkings nie.
- Dit sal jou kelder.
- Gee dit vir die Here.
- Word bevry van dit.
- En leef in 2002 jou roeping uit.

3. HARTSEER

Baie keer hou hartseer ons terug in die oujaar.

- Veral as 'n mens 'n geliefde verloor het in die oujaar.
- Dan klou 'n mens half vas aan die oujaar.
- Want dit voel of dit jou op 'n manier nog verbind met die persoon wat dood is.
- En 'n mens is bang: as jy die oujaar uitgaan, moet jy dit laat gaan.
- En dan kom die finale breuk.
- Een jaar dood.
- Twee jaar dood.
- Drie jaar dood.

Israel het dieselfde ervaar.

- Hulle het vir jare 'n pad saam met MOses geloop.
- Hy het hulle gelei uit Egipte.
- Deur die Rooisee.
- Deur die woestyn.
- As hulle met God wou praat, het hy dit gaan doen.
- As hulle dors was, het hy vir hulle water gegee.
- Hulle het sy visie gedeel van 'n nuwe land.
- Hulle kon nie wag om saam met hom in die nuwe land in te trek nie.
- En toe is Moses dood.
- Nog voordat hy in die land kon intrek.
- En skielik was daar so 'n huiwering onder die volk.
- Ons wil nie sonder Moses na die nuwe land toe gaan nie.
- Ons sal eerder hier bly waar hy gesterf het.
- En dan kom die Here en praat met hulle:
 - Josua 1:2 ² “*Moses my dienaar is dood. [afgehandel / realiteit] Maak jy nou gereed en trek deur die Jordaanrivier, jy en hierdie hele volk. Gaan na die land toe wat Ek aan hulle, die Israëliete, gee.*
- Moses is dood.
- Maar julle moet voortgaan.

- Gaan neem die land in.
- Gaan geniet die land.
- Moenie hier bly nie.
 - Moses is dood.
 - Maar julle lewe gaan aan.
 - Trek verder.
 - Gaan woon in die land waar julle so graag wou woon.

Dissipels na Jesus se hemelvaart.

- Hoe gaan 'n mens aan sonder jou beste vriend.
- Hulle hele vriendekring het om Jesus gedraai.
- En nou is Hy weg.

Maak klaar met die hartseer van 2001.

- Gee dit vir die Here.
- En trek dan verder na die beloofde land.

4. SEKURITEIT

Ons almal is bang vir die onbekende.

[Melanie - verhaal van dogtertjie Jenny]

- string pêrels koop vir R2,50
- "dis baie duur"
 - klomp werkies doen
 - ouma se R1 vir verjaardag
- kosbaarste besitting
 - dra dit oral
 - kleuterskool / kerk / maatjies / huis / slaap
- Wonderlike pa gehad
 - elke aand sit haar pa by haar op die bed
 - lees vitr haar 'n storie
 - "Jenny, is jy lief vir my? - gee vir my die pêrels"
 - Nee pappa - enige iets ander maar nie dit nie
- Een aand toe haar pappa weer inkom om Bybel te lees
 - Lippie gebewe
 - Traantjie in haar oog
 - "Dè pappa, jy kan dit kry"
 - In haar handjie was haar stringetjie pêrels.
- Terwyl haar pappa dit vat het hy uit sy sak 'n stringetjie regte pêrels gehaal.
 - Hy het dit al 'n geruime tyd by hom gehou.
 - Hy het net gewag tot sy dit wat vir haar kosbaar is, vir hom gee.
 - Want Hy wou vir haar iets baie beter gegee het.

Aan die einde van 'n ou jaar moet ons die sekuriteit van die oujaar prysgee.

- Vir God vertrou vir nog beter dinge in 2002.
- En dikwels wag hy totdat ons dit wat vir ons sekuriteit gee, vir Hom gee.
- *Eks 14:15¹⁵ Toe het die Here vir Moses gesê: "Waarom roep julle so benoud na My? Sê vir die Israeliete hulle moet verder trek.*

Worry is the darkroom in which "negatives" are developed.

Ja, ek maak my los van dit wat agter is, en ek STREK UIT NA WAT VOOR IS

Wat lê voor?

1. ONBEKENDE

Ons almal is bang vir die onbekende.

- Daarom vermy ons die onbekende.
- Ons verkies bekende mense.
- Bekende plekke.
- Bekende gebruike.
- Bekende kosse.
- Want dit gee vir ons sekuriteit.

Die probleem van 'n nuwe jaar, is dit is heeltemal onbekend.

- Waar gaan ons wees 'n jaar van vandag af?
- Hoe gaan die wêreld lyk?
- Sal ek nog 'n werk hê?
- Hoe hoog gaan die rentekoerse wees?
- Gaan ek nog my huis kan betaal?
- Sal my kind volgende jaar deurkom?

Niemand kan vandag vir ons 'n antwoord gee nie.

- Want 2002 is heeltemal onbekend.
- En dit maak ons bang.

Daarom waarsku Die Spreuke-skrywer ons:

- *Spr 27:1 Moenie roem oor wat jy môre verwag nie; jy weet nie wat die dag sal oplewer nie.*

Heeltemal onbekend.

En tog is dit juis in sulke tye wat 'n mens leer om te glo.

- *Hebr 11:1 Om te glo, is om seker te wees van die dinge wat ons hoop, om oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie.*

Geloof is om 'n onbekende jaar in te gaan, en te glo God sal voorsien.

Geloof is om te glo dit sal goedgaan in 2002.

Geloof is om te glo God sal vir ons sorg.

Geloof is om te glo dat God ook sal voorsien vir rentekoerse ens.

Geloof is om te glo ek sal in 2002 steeds wêreld hê.

Geloof is om vas te hou aan die dinge wat jy nou nog glad nie kan sien nie.

2. JESUS SE KOMS

Sef 1:14 "14 Die groot dag van die Here is naby, baie naby, dit kom gou."

(Cindy Viviers)

Liewe, liewe Jesus,

Ek hoop nie ek is te laat met my brief nie, want Oupa is baie siek. Nou wil ek vir Liewe Jesus gou-gou vertel wat Oupa van hou, en nie van hou nie sodat as hy in die hemel kom, als reg sal wees.

Liewe Jesus, sê vir my Ouma, wat alreeds in die hemel is, sy moet die afval en doekpoeding reg hou, want ek dink Oupa sal baie honger wees as hy daar kom. Jy weet self hoe ver is die hemel van die aarde af, en as mens solank gery het, is mens baie honger.

Sorg tog asselbief dat daar baie boeke is, want Oupa het graag geles toe hy nog gesond was. Hy hou niks van katte nie, want die hare laat sy bors toetrek. Hy's mal oor honde, so dit sal goed wees as Liewe Jesus vir Brakkejan wat verlede jaar dood is, daar kan hê. O ja, Liewe Jesus, Oupa snuif? hy snuif net Singleton. Dit sal nie help om anner snuif te koop nie. Dan net 'n laaste ou gunsie. My Oupa het nooit van blink goeters nie. Nou lees ek in die Bybel, in die hemel is die strate van goud. Ag Jesus, dis nie dat Oupa ondankbaar is nie, maar hy sal meer daarvan hou om in die veld tussen die voeltjies en diere te bly. So seblief, as Ouma daar by die blink strate bly, laat sy asseblief dadelik bos toe trek, want as Oupa daar kom moet sy by hom wees.

Ek dink ek't nou als gesê wat ek moet.

Stuur hierdie drie XXX vir Ouma.

Ek lief jou duisend Liewe Jesus.

Lise-Mari.

Is Jesus vir jou so werklik soos vir hierdie dogtertjie?

- Is Hy so werklik dat jy partykeer daaraan dink dat Hy dalk in 2002 kan kom?
- Maak dit jou opgewonde om te dink dat Hy dalk hierdie jaar gaan kom?

As 'n mens net vir 'n oomblik dink dat Jesus dalk hierdie jaar gaan kom...

- Snaaks: dan verdwyn meeste van ons vrese.

Dan kan 'n mens jou uitsterk na dit wat voorlê...

- Dan hardloop jy soos iemand wat nie kan wag om by die wenpaal te kom nie.
- Dan gooi jy elke las af.
- En jy gooi die sonde af...
- En die mislukkings...
- En die hartseer...

Want die Here Jesus wag saam met 'n skare gelowiges by die eindpunt.

SLOT

Iemand het vir Diogenes gevra: "Jy is nou 'n ou man, hoekom rus jy nie van jou werk nie? Hy het geantwoord: Ek het die wedloop van die lewe gehardloop; sal ek nou stadiger gaan omdat ek naby die einde is? Sal ek nie eerder vorentoe beur nie?"